

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 24**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# DIE LAASTE GESPREK

Drie jaar gelede het ons gesprek met u in Quo Vadis begin. Onthou u nog?

Ons eerste woorde was: "Ons ken u nie op u naam nie, maar ons het gedink dat u ook bly sal word as ons u die goeie nuus meedeel dat daar 'n geopende deur is en dat u ingesluit is toe Hy geroep het: 'Kom na My toe!' Ons het daaraan gedink dat u baie probleme sal hê — struikelblokke en besware wat die pad na Jesus vir u versper. Daarom soek ons u op vir 'n openlike gesprek."

Van ons kant het ons probeer woord hou. Maand na maand het ons één vraag ingehamer: Waar gaan u heen?

- Daar kom tye, veral by die jaarverwisseling, waar 'n terugblik 'n goeie ding is. Ons wil 'n paar vrae stel wat telkens gedurende die afgelope drie jaar in Quo Vadis aan u gestel is.

God het die gesprek met jou begin — wat is jou antwoord?

Hoe lank sal jy voorbly om van God af te vlug?

Ja, Nee, of Ja-nee — wat is jou antwoord ?

Wat is jou opvatting van iemand wat vis nog vlees is?

Waar is jou hart?

Is jy bang vir spot? (as jy 'n Christen word)

Waar gaan jy heen?

- Ons het aan u vertel wie God is en wat dit beteken as Jesus in jou lewe inkom. Dan word dit 'n uitbundige lewe vol van die vrede en krag, want dan vind daar groot veranderings plaas. Dit is werklik nie swaar om 'n Christen te wees nie.
- Ons het die sonde vir u ontleed as 'n verbreking van die band met God — 'n band wat Hy gelê het toe u gedoop is. Ons het u verharding as hoogmoed en opstand aangedui.

U probeer uself verberg agter die verskoning: "moenie my lastig val nie!" So nie is u besig met 'n godsdiens sonder naam — 'n soort van 'n algemene godsdienstigheid, sonder dat u werklik in en deur Christus tot ware bekering gekom het. Ons het u daarop gewys dat die duiwel ook op so 'n manier glo dat God bestaan.

- Ons het ook die weg vir u aangedui: gebed, Bybellees en kerkbesoek. Die krag van die gebed, die gesag en waarheid van die Bybel en die moederlikheid van die kerk het ons vir u uiteengesit en ons het saamgepraat oor al die probleme met skynheilige kerkmense en sondige dominees. U onthou seker dat ons gesê het dat 'n mens nie oor die Christen mag struikel nie en dat, ondanks alles, die kerk nodig is vir die saligheid.
- Ons het u verseker dat al u probleme: die skuldgevoel, moegheid, kommer, verveling, haat, mislukte huwelik, dronkenskap... alles deur die geloof verander word. Die geloof is dié wete dat niks sinloos is nie, ook nie my individuele bestaan nie; die geloof is die opheffing van eensaamheid deur die gemeenskap met God; die geloof bring weerbaarheid en energie teen die sonde; die geloof is die oorwinnaar van lewensangs, want dit het as vrug die radikale wegneem van skuld, die vrede en die toekoms hoop.

Na drie jaar wil ons u groet met 'n woord wat ons by ons eerste ontmoeting uitgespreek het:

"Ons bely ons plek as instrumente van die Gees van God wat die enigste bewerker van die

saligmakende geloof is. Ons wil 'n kanaal wees wat die lewende water wil lei na u huis en hart.”

Waar gaan u heen?

Dit is 'n krisisvraag wat u dadelik moet aangryp.

Ons groet u met die bede dat u al geantwoord het.

**W. J. de Klerk**

# DIE WEGBREEK VAN GOD

## GEDAGTES VIR DIE VERLORE SEUN

God wil geen gedwonge godsdienste hê nie. Hy wil geroep word en nie geweier word nie. Godsdienst is 'n uitnodiging — 'n gemeenskap. Hier mag geen dwang wees nie. Alles moet volkome vrywillig wees. Die Here gebruik nie sy oormag nie, maar sy oorreding.

Die Here vra ons instemming! Daarom sê die Here Jesus: "Ek wou julle bymekaar maak, maar julle wou nie" en sy snydende woord: "Wil julle nie ook weggaan nie?" My seun — as jy dit nie meer hier by my kan uthou nie — as Ek jou verveel en in die weg staan... My seun — dan kan jy gaan . . . hier is jou deel.

Ja, ons wil wegbreek van God.

**Ons wat 'n sterk aansluiting by die lewe vind; wat geboei word deur die avontuurlike en waaghalsige; wat 'n vreemde roekeloosheid by tye in ons voel klop; wat swaar moet stry teen die oerdrifte van die gevalle mens in ons.**

**Miskien is dit dat die skadukante van die lewe jou lok — die uitbreekdrang om net vir 'n tyd op die verbode vrugte af te storm en jou sinne los te laat op al die begeerlike.**

**Miskien is dit die rykdom, die sukses, die aansien, die triomf van die ek in jou wat soos 'n swaar gewig jou wil aftrek na 'n lewensbeskouing waar die lastige grense nie oral vir jou halt roep nie.**

**Miskien is dit die avontuur van die vreemde waarna jy verlang — die opwindende lewe wat vir jou sal oopgaan.**

Só breek hulle weg... na ander vrouens, egskedings, danssake, drinkpartytjies, bedrog, gewetenloosheid, selfsug, verwaandheid en diens aan myself. Ons breek weg van God in die duisende dinge waarin ons die band met Hom breek en onself loslaat op dit wat nie van die Here is nie. Dit is die wese van die sonde — dat ons lewensontploffing in die algemene en in besondere dinge gaan soek — weg van God — in die vreemde land — die wêreld!

Daarom is ek die jongste seun... sy helder lag vir die lewe van God vervreem, lag in my — in al sy uitdagendheid en afstootlikheid. Die wegbreek is 'n oortreding teen God se liefde. Dit is 'n opstand teen die liefde. Dit is die breuk.

Die wonderlike gloed van God se barmhartigheid verwarm jou nie meer nie. Jy is van God vervreem en daarom spartel jy soos 'n vis op droë grond. Jy het die bystand van jou medemensse verloor — want jy is by mense alleen welkom, solank jy bruikbaar is. Jy het jouself verloor — jou vermoëns — jou ideale — jou selfvertroue — jou gewaande vryheid.

Jou vryheid was maar die vryheid van 'n klein kindjie wat van moeder losruk om die besige straat oor te steek... en nou ervaar jy die noodlottigheid van jou vryheid. Daar staan jy in 'n verlate wêreld — ontwortel, vereensaam, ontugterd en verneder — by die varke.

As God weg is vir iemand wat in die verbond aan Hom gebind was, word alles anders. Die vrou waarvoor jy God verlaat het, word 'n walging. Die geld waarvoor jy God verkoop het, word 'n vloek. Die aansien waarvoor jy God ingeruil het, word leeg. Die vryheid word 'n tronk waarin jy en jou gewete vasgekeer is. Al die horisonne van vroeër word 'n eng sirkel. Ons het tog al gesien dat daar mense is wat deur die vreemde land gereis en toe uiteindelik teen 'n lugleegte vasgeloop het. Daardie kwelling dat jy êrens eendag God sal ontmoet, sal verterend in jou groei want jou gedoopte voorhoof laat jou nie los nie — ook nie voor die oordeelstroon van God nie.

Moenie dwaas wees nie — bly by God!

**W. J. de Klerk**

# DRIE VRAE

As u op hierdie drie vrae ja kan sê, sal die kerk u van harte terug verwelkom.

1. Glo en bely u dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament vervat en in die Drie Formuliere van Eenheid van die Gereformeerde Kerk uitgedruk is en in die Christelike Kerk alhier geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is?
2. Is dit u voorneme om, deur die genade van God, by dié leer te volhard; om u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek; om die Drie-enige God van u Doop lief te hê, die wêreld te versaak, u oue natuur te kruisig en hierdie belydenis deur 'n godsalige lewe te bevestig?
3. Is dit verder u voorneme om, as waardige lede van die Kerk van Christus, die bediening van die Woord en die Sakramente ywerig te soek, terwyl u u tewens sal onderwerp aan die Christelike vermaning en tug as u u miskien in leer of lewe misgaan?

# GESPREK MET DIE OUJONGNOOI

U is 40 jaar oud en ongetroud. Hulle noem u 'n oujongnoui. U dra die stempel van 'n sekere "tipe". Daar word gesê dat u 'n siniese, gefrustreerde mens is wat met 'n innerlike jaloesie die vreugde van die lewe demp.

Ek gaan nie saam skinder nie, want ek glo dat alle oujongnouiens nie noodwendig "tipes" is nie. Van sommige is dit ongelukkig waar (soos dit ook van baie ander mense waar is) maar ek weier om op elkeen van hulle 'n stempel te plaas. Kom ons gesels 'n bietjie met u op 'n nugtere wyse.

Dat daar 'n tekort in die oujongnoui se lewe is, is waar. U moet dit ook erken en nie probeer om dit weg te lag of te verdring met opmerkings soos "mans is aaklige goed" nie. U mis die beskerming, toewyding en saamwees wat 'n man alleen op sy manlike wyse u kan bied.

Geen hond of stokperdjie kan 'n man vervang nie. Hy is die kroonpunt van God se skepping en in hom het die Skepper die geheim gelê om die vrou te lei na haar hoogste geluk. Alleen 'n man kan die tipiese van vrouwees, naamlik versorging, tot sy heerlikste ontplooiing bring. Daar is dus 'n tekort in u lewe wat met berusting, oorgawe en aanvaarding oorbrug moet word.

Daar is die vrywillige ongehude staat wat ons nie sonder meer moet afkeur nie. As iemand, gedring deur 'n spesifieke roeping of idealisme, verkies om nie te trou nie, omdat die huwelik 'n hindernis sal wees vir die taakvervulling, is so 'n beslissing nie noodwendig uit die bose nie. Solank die motiewe diens en nie selfsugtige loopbaan-najaging is nie, moet ons die vrywillig ongehude vrou bewonder.

Dit is anders by die gedwonge ongehude staat. Hierdie dames worstel met 'n kompleks van probleme: die gevoel van lewensmislukking, die gevaar van verbittering, die verdronge begeerte, die verbanning in die eensaamheid en inspanning vir lewensonderhoud.

Vir u wil ons sê: die huwelik is nie die grootste dag in 'n mens se lewe nie. Om getroud te wees, is nie die grootste ideaal nie. Moederskap is nie die hoogste en heerlikste besitting nie en die liefde tussen man en vrou is nie die wonderlikste op aarde nie. Ook die huwelik hoort, in die lig van die Bybel, tot die gedaante van hierdie wêreld. In die eintlike lewe wat vir ons almal wag, sal die huwelik verdwyn.

**U is nie in die eerste plek geskape om vrou en moeder te wees nie. U is geskape om God te dien. Die roeping van die gelowige op al die terreine van die lewe is 'n groter huis as die huwelikshuis waaraan gebou moet word.**

**Die Here Jesus Christus is die Groter Bruidegom.**

**Die liefdesverhouding met God is heerliker en belangriker as die liefdesverhouding tussen man en vrou.**

**Daar is ander vreugdes, ander ideale, ander belewenisse in ons wêreld as die huweliksaanbod.**

Die tekort in u lewe hoef dus nie 'n onvrugbare tevergeefs te word nie.

Die onbevredigde drange in u lewe kan omgesit word in 'n energiegewende krag. Die vroulike liefde, versorging en troeteldrang kan op ander terreine met heerlike resultaat uitgeleef word.

Die oujongnoui wat haar vroulikheid behou en versorg, sal sorg dat sy nie op haarself gerig is nie. Sy sal haar afhanklikheid behou, haar skoonheid ontplooi en haar lewensvervulling soek

in diens van andere... net so 'n edele en noodsaaklike taak as moeder en eggenoot.

Buitendien verwerp ons die geloof in die Toeval of Blinde Noodlot. Daar is 'n Vaderstem wat ook vir u gesê het: "Jy sal nie trou nie." U taak is om in gelowige aanvaarding die tekort om te sit in nuwe taakverkenning en taakvervulling.

Ek wou maar net 'n bietjie met u gesels, want u is alleen en die lewensvreugde kan eers tot uiting kom as u lewensperspektief het.

Inderdaad, die tekort in u lewe is nie tevergeefs nie.

**W. J. DE KLERK**

# DIE MENSE VAN WELBEHAE

Van hulle het die skare van engele gesing toe hulle die geboorte van die Kind aan eenvoudiges verkondig het. Die mense van welbehae. So staan dié bekende Skrifwoord in die oorspronklike taal van die Bybel geskrywe: "Vrede op aarde, in die mense van die (God se) welbehae."

So verstaan ons die Woord ook beter, want ons weet tog dat die vleeswording van die Seun van God NIE vrede vir die ganse mensdom ingelei het nie; Hy vra dan self later: "Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid... Ek het gekom om vuur op die aarde te werp! "

Hoe sien ons hierdie bittere waarheid nie altyd en oral om ons nie — onvrede, troosteloosheid, miskien op sy ergste hier by Kersfees rond — onvrede tussen volk en volk, mens en mens en... die mens en God. Geen vrede nie, geen rus nie, behalwe miskien die tydelike, kortstondige "rus" en gelag en gebaljaar van die drank-bedwelmdede vlugteling.

Wees verseker — u sal beslis ook een van hulle wees — die voortvlugtendes en diep ongelukkige vredeloses, TENSY u deel van die groep is van wie aan die begin melding gemaak is: die mense van welbehae, dié wat deel in die vrede waarvan die hemelboodskappers gesing het.

Die mense van welbehae is nie beter as al die ander nie; het hulself nie onderskei bo al die ander nie. Hulle verdien ook maar ewigduurende onvrede en dood. Tog HET hulle vrede en rus, om dit nooit weer te verloor nie.

Wie is hulle?

Dit is hulle ter wille van wie die Seun vleesgeword het in die krip, ter wille van wie dieselfde Seun aan die kruis vasgeslaan is. Dit is hulle vir wie die Vader uit loutere genade ewige lewe en ewige vreugde-vrede gee deur hulle sondes en ongeregthede te vergewe. Die Bybel noem hulle ook die uitverkorenes. Hulle is ontvangers van die Heilige en Almagtige God se welbehae.

Die Bybel leer geen algemene versoening nie. Daar word duidelik onderskei tussen skape en bokke. Die Bybel leer ook nie dat die mens God se genade uit vrye wil óf kan aanneem óf kan verwerp nie. Die Bybel leer dat hulle, vir wie God voor die grondlegging van die wêreld tot salige vrede uitverkies het, die genade in die geloof MOET en SAL aanvaar. Eintlik is dit te verstane, want wie is magtiger as God; dat hy God se genade sou kan weerstaan?

Die groot grondwaarheid is: God smee nie mense om tog burgers van sy Koninkryk te word nie. Dit is andersom. As u uitverkies is, sal u gebreek word in uself en sal u sy genade in die geloof aanvaar. As u nie 'n mens van sy welbehae is nie, sal u vir ewig verlore gaan.

Dit is 'n heerlike wonder dat, soos Christus, die Seun sê: "My skape na my stem luister en Ek hulle ken en hulle My volg". Ook elders: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."

God openbaar dus op sy bestemde tyd, deur sy Woord en Gees tesame, aan ons dat ons kinders van God is. Lees die onfeilbare Woord en bid die ootmoedige gebed en glo en weet God gee "vrede op aarde, in die mense van sy welbehae."

**D. Postma**



## HONDERD-DRIE-EN-VYFTIG VISSE...

Kan 'n mens alle visstories glo? Persoonlik glo ek negentig uit die honderd nie... soos die een van die ou wat die brandende lampie uit die water getrek het, of die ander ou wat glo een lieflike maanligaand die mooiste meermin aan sy hoek gehad het... en haar sowaar weer in die see teruggegooi het!

Alle visstories is darem seker nie onwaar nie. Party is net bietjie onwaarskynlik! Eintlik wou ek jou een vertel wat heeltemal waar is en wat ekself woord vir woord glo. Dis nou ook nie juis 'n storie nie... dis 'n gebeurtenis wat vir my baie beteken... en vir jóú net soveel kan beteken.

'n Man wat wonderlike dinge gedoen en baie mooi dinge gesê het, staan een môre vroeg langs die strand van 'n binnelandse meer. Hy gewaar 'n skuit met 'n hele klomp vissermanne daarin op die water. Hulle lyk baie mismoenig, want die hele nag se geswoeg met hul nette het niks opgelewer nie.

Toe die skuit naby die land kom, vra die man op die strand of die vissers tog nie vir hom iets het om te eet nie. Ongelukkig het hulle niks gehad om hom te gee nie. Sonder dat hulle hom vertel het dat hulle niks gevang het, of dat hulle mismoenig was nie, gee hy hulle die raad om die net aan die regterkant van die boot uit te gooi — wat hulle toe ook doen.

Onverwags gebeur iets wonderliks. Hul net is meteens vol gróót visse, só vol dat dit wou skeur! Dit was nie al nie. Toe hulle aan land gaan, is die vreemdeling reeds besig om vis te braai op 'n koolvuur en langs die vuur lê 'n brood. Hy nooi hulle almal om saam met hom te kom eet. Waar sou hy so skielik aan die brood en vis gekom het? 'n Rukkie terug het hy vir hulle kos gevra en nou deel hy aan hulle kos uit!

Ek het aan die begin gesê dat dit nie eintlik 'n storie is nie, maar jy sal seker met my saamstem dat dit 'n merkwaardige verhaal is? Dit is die volle waarheid wat ek jou vertel het, omdat die bron waaruit ek dit gekry het, baie betroubaar is. Ek gló hierdie verhaal omdat ek dit in die Bybel gelees het. Ek glo elke woord wat in die Bybel staan, want my God waarborg my dat dit alles waar is. Hy het self die Bybel laat skrywe en Hy sou tog nie iets daarin laat skryf wat nie die waarheid is nie!

Die Man wat op die strand gestaan het, was die Here Jesus — God se eie Seun. Die onsuksesvolle en moedlose vissers was sy dissipels. Hulle het altyd saam met Hom gegaan en van Hom geleer.

Die Jode het Hom doodgemaak deur Hom aan 'n kruishout op te hang. Toe Hy dood was, het iemand Hom begrawe. Na drie dae het Hy opgestaan uit die graf. Hy het lewendig geword, omdat Hy sterker was as die Dood. Hy het met sy dissipels 'n afspraak gemaak om Hom daar by die meer te ontmoet. Hulle was ook maar mense en het miskien gedink dat hul Meester nie meer na hulle sou terugkom nie. Dit is seker daarom dat hulle maar weer gaan visvang het soos vóór hul Hom leer ken het. Omdat hulle Hom nie daar op die strand verwag het nie, het hulle Hom toe ook nie dadelik dié môre herken nie.

Hy het na hulle toe gegaan, omdat Hy hulle so beloof het en omdat Hy geweet het dat hulle Hom nodig het. Sonder Hom kon hulle niks doen nie — nie eers visvang nie. Dit is wat Hy hulle wou laat verstaan. Hy het ook nie nodig gehad om vir hulle kos te vra nie. Hy het trouens geweet dat hulle niks gehad het om Hom te gee nie, maar Hy wou hulle leer dat hulle by Hom álles kry: 'n vol net na 'n moeitevolle nag sowel as 'n maaltyd vir 'n honger maag.

Hy jaag die visse in die net en Hy berei die voedsel op die kole. Hy doen dit selfs wanneer jy

dit nie verwag nie en as jy dink Hy is vér, kom Hy na jǒú toe waar jy moedeloos swoeg. Dis die moeite werd om Hom te glo en te doen wat Hy sê. Hy dóén wat Hy sê; Hy géé wat Hy beloof... áltyd, net soos daardie môre.

Lees ook Johannes, hoofstuk een-en-twintig. Dit sal vir jou net soveel werd wees as vir my!

**ICJM**

# OUJAARSMEDITASIE

Wat is die lewe? Dit is soos water wat vinnig na benede stort en dan... is dit stil. Dit is soos 'n vlugtige môreslaap — die paar minute tussen ontwaak en opstaan. Dit is soos die gras tussen klipskeure — 'n klein bietjie son en dit is dood. Soos 'n vlugtige gedagte wat vir 'n oomblik verskyn en amper net so gou weer wegvaag en verdwyn — sewentig, tagtig jare en die duisende wat sug oor hulle wat weggegaan het voordat dit aand was.

Alles is gou — en in die spoed van die lewenstog is dit aand voordat jy die môre klaar ingedrink het — die verwelkte slot — die onherroeplikheid.

Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe?  
Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?  
U knak die steel van sy geswinde jare.  
en hy gaan heen net soos die najaarsblare.  
Want in u oog is duisend jare, Heer,  
'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.

Wat is die mens as U hom soos met strome  
so snel oorgolf? Sy lewe is slaap en drome!  
Die môre staan hy nog omhooggehewe  
soos gras wat spruit in eerste jonkheidslewe.  
Maar sawends al, dan word hy afgesny,  
dan droog hy weg, en dis met hom verby,  
Is dit al?

Bid vir die lieflikheid van die lewe wat gewaarborg is in die geïnspireerde woorde:

'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer:  
ek stel die Heer gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer:  
"Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,  
nog veilig woon, omdat die Heer naby is.  
U sal my siel nie oorgee in die dood,  
my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot  
verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreug en volle vrede,  
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

# TREFWOORDE

Waar die mens aan sy einde is, is God aan die begin.

Ons meelewing met ongelukkiges is so smal soos die gleufie van die bussie waardeur ons 'n geldstuk vir hulle laat deurgly.

Die lewenstandaard is die god van ons tyd en produksie sy profeet.

Sonde is die skeiding tussen God en mens, tussen mens en mens en tussen mens en sy wêreld. Dit is die groot ontbinding, die liefdeloosheid, die leegte, die eensaamheid.

Geld open alle deure, behalwe die hemelpoort.

Die gewigte van die gewoonte is te lig om aanvanklik bemerk te word, maar later is hulle te swaar om af te skud.

God fluister in ons vreugdes, praat in ons gewetes maar skreeu in ons pyn. Dit is sy luidspreker om 'n dowe wêreld wakker te maak.

## QUO VADIS?

Laat die kindertjies staan en verhinder hulle  
nie om na My te kom nie; want aan sulkes  
behoort die koninkryk van die hemele.

Matt. 19 vers 14